Aangepaste vlak 1 inperkings soos op 31 Januarie 2022:

- Skole roteringstelsel en 1 m sosiale afstand afgeskaf.
- Mense wat positief toets vir COVID-19, maar geen simptome ervaar nie, hoef nie meer te isoleer nie.
- Mense wat positief toets én COVID-19 simptome ervaar, moet steeds isoleer, maar die tydperk van isolasie is van 10 tot 7 dae verkort.
- Mense wat in kontak was met 'n COVID-19 positiewe persoon hoef nie te isoleer nie, tensy hulle COVID-19 simptome ervaar.
- Begrafnisse word steeds tot 100 persone beperk, met maksimum 2 ure. Nagwake voor en byeenkomste na 'n begrafnis bly steeds verbode.
- Die volgende gesondheidsprotokolle bly steeds in plek: dra van maskers, ontsmetting van hande, neerskryf van kontakbesonderhede.

Manne Reisgesprek Vrydagoggende

Weekliks volgens die kalender
Volgende geleentheid:

25 Februarie 2022

Koffie 05:15 Gesprek 05:30

Gawebediening:

Blombeurte

Blomme rangskikkings word van tyd tot tyd met sekere geleenthede vir eredienste in die kerk geplaas om die liturgiese ruimte te verfraai deur 'n groepie vrywillige lidmate.
As jy geroep voel om deel te wees van dié groepie, kan jy gerus vir Josephine kontak by:
082 830 5337
Sy is deurentyd op soek na gewillige hande.

HELDERBERG UITREIK: BRIGHT LIGHTS

Bright Lights het 'n groot behoefte aan rekenaartoerusting. Daar is ongeveer 9 seuns wat om verskeie redes nie in 'n hoofstroom skool geplaas kan word nie en daar word gepoog om aan hierdie seuns basiese rekenaaropleiding te gee. Dit sal hulle selfvertroue opbou en hulle die gevoel gee dat hulle ook "skool gaan".
As daar gemeentelede is wat "ou" rekenaartoerusting soos skootrekenaars, staantipe rekenaars, rekenaarskerms, sleutelborde, muise of enige ander rekenaarkomponente (in 'n werkende toestand) het wat hulle vir die seuns beskikbaar kan stel, sal dit 'n groot verskil in hierdie seuns se lewens maak.
Vir verdere inligting is u welkom om met my te skakel.
Annemarié Hollenbach 082 784 8841

BYBELSTUDIE STORMHAVEN PARK

24 Februarie 2022 om 10:00
Koördineerder: Coenie Basson – 082 552 1850

Kategese

- Junior kategese (voorskool tot graad 6) tydens die erediens in die kerksaal.
- Senior kategese na die erediens in die onderskeie lokale in die kerksaal.

Junior kategese: 20 Feb: Heilige Gees energie

Hoe kry ons energie vir die Amazing Race?
Die Christen wedloop hou ons hele lewe lank aan en die krag om enduit deel te neem kom van die Heilige Gees, want Hy hardloop die Christen wedloop saam met ons.
Om aan te hou hardloop in 'n gewone wedloop het jy energie nodig, selfs terwyl jy hardloop kan jy iets drink of eet wat jou energie sal gee. Om aan te hou in die Christen wedloop het jy ook enegie nodig, maar jy kry nie energie nie, jy kry iemand, die Heilige Gees. Die Heilige Gees se krag maak dat jy bly hardloop, maar dit is meer van dat die Heilige Gees jou dra ... en dit is oor hierdie **dra energie** waaroor ons vandag gaan praat.

PROGRAM: KATEGESE vir JUNIOR FASE (Voorskool tot graad 6)

Datum	Aanbieding	Aanbieder
20 Feb	Heilige Gees energie	Suzelle
27 Feb	Om die doel te dien	Merizle
06 Mrt	Bekendstelling: Aerobiese oefenklas	Hennie
13 Mrt	Oefen saam met die span	Suzelle
10 Apr	**Gesinsdiens**: Amazing Race - Paasfees	Werner
24 Apr	Woord-vitamines	Merizle
08 Mei	Strek- en asemhalingsoefeninge	Hennie
15 Mei	Asem in, asem uit!	Suzelle
22 Mei	Hou jou voete fiks	Merizle
29 Mei	Pinkster	Aanbieders
05 Jun	Pinkster	Aanbieders
12 Jun	Pinkster	Aanbieders
24 Jul	**Gesinsdiens**: Amazing Race	Werner
31 Jul	Bekendstelling: Menslike hindernisbaan	Hennie
14 Aug	Hou by die reëls	Suzelle
21 Aug	Ken jou opponent	Werner
28 Aug	Trek aan vir aksie!	Merizle
04 Sep	Hindernisse in die pad	Hennie
11 Sep	Vat vlam!	Suzelle
18 Sep	Bekendstelling: Mini Olimpiese Spele	Merizle
25 Sep	Opgee is nie 'n opsie nie!	Hennie
16 Okt	**Gesinsdiens**: Amazing Race	Werner
23 Okt	Comrades kampioene	Suzelle
30 Okt	Sien die skare	Merizle
06 Nov	Wanneer die eindfluitjie blaas	Hennie
13 Nov	Prysuitdeling	Suzelle
20 Nov	**Gesinsdiens**: Kategese afsluiting en kersfees	Werner